


1-5

Driemaal heilig



Hoog - kon ek sien - sit die He - re, hoog ver - he - we op 'n troon.



Heer - lik glans sy ko - nings - kle - re, vul sy soom die tem - pel skoon.



Se - rafs dek hul - self met vler - ke in die lof - lig van sy eer.



"Hei - lig", roep hul, "is die HE - RE, hei - lig, hei - lig, hei - lig HEER!"

2

"Heilig is die Heer almagtig;
oral straal sy heerlijkheid.
Oor die aarde, vol en kragtig,
skitter sy teenwoordigheid."

**Serafs dek hulself met vlerke
in die loflig van sy eer.**

**"Heilig", roep hul, "is die HERE,
heilig, heilig, heilig HEER!"**

n.a.v JESAJA 6:1b-5